

# **U3A STILBAAI**

## **VOORSITTER SE VERSLAG : 2016 – 2017**

### **INLEIDING**

U3A Stilbaai is in Mei 2015 gestig met net meer as 20 lede; na 'n jaar was dit duidelik dat daar baie belangstelling was vir U3A aktiwiteite in Stilbaai, en ons het in Julie 2016 'n stigtingsvergadering gehou waar 'n grondwet aanvaar is en die eerste formele komitee verkies is.

### **LIDMAATSKAP**

Die ledetal van U3A Stilbaai het buite verwagtinge toegeneem. Ons het begin met net meer as 20, met die stigtingsvergadering was daar 122 lede, dit het gegroei tot 190 lede op 30 Junie 2017. By elke maandelikse vergadering sluit daar nuwe lede aan. Dit is merkwaardig as mens in ag neem dat Stilbaai 'n relatiewe klein gemeenskap is en dat daar reeds 'n groot aantal ander gevestigde aktiwiteite aan inwoners aangebied word.

### **FINANSIES**

Ons finansiële state word apart ter tafel gelê, die stand van ons finansies is gesond en dit is nie nodig dat ons ledegelde verhoog nie.

Teen die einde van die finansiële jaar was ons totale bates R7,333-32. R3,329-67 van hierdie bedrag is in ons Jagersbosch Fonds – sedert die Fonds in Augustus 2016 geskep is, is 'n totale bedrag van R12,907-50 ontvang; die projeksie skerm en dataprojektor is aangekoop vir 'n totaal van R9,577-83, dit laat ons met 'n balans van R3,329-67. Die Direkteure van Jagersbosch doen 'n oudit van onderhoud en reparasie werk wat gedoen moet word, ons komitee het besluit om te wag vir die voltooiing van die oudit en dan fondse bydra vir noodsaaklike reparasies aan Die Waenhuis.

Dankie aan Martin Worth vir die interne oudit van ons finansies.

### **MAANDELIKSE PRAATJES**

Gedurende die afgelope jaar het ons 11 maandelikse praatjies en 2 spesiale praatjies in Desember en Januarie aangebied. Meeste van die praatjies was goed bygewoon, bywoning het gewissel tussen 40 en byna 100 mense. Natuurlik was die praatjies slegs moontlik omdat so baie sprekers gewillig was om kosteloos hul praatjies aan te bied. Voorbereiding vir 'n praatjie neem baie tyd en moeite in beslag, baie langer as die 40-45 minute wat hulle hier voor staan vir die aanbieding – almal se bydraes word opreg waardeer.

'n Lys van die praatjie is beskikbaar op ons webtuiste.

### **KURSUSSE**

Die Stilbaai Voëlklub het by hul jaarvergadering in Maart 2017 besluit om te ontbind en 'n groep binne U3A Stilbaai te vorm. Meeste van hul lede is ook lede van U3A, en sedertdien het verskeie ander by U3A Stilbaai aangesluit. Die Voëlgroep bied kursusse aan vir lede, maar sal voortgaan met die belangrike Voëlatlas Projek wat ook nie-lede van U3A insluit.

Ons Stapgroep is baie aktief, daar is meeste Vrydag oggende 'n interessante staptog; die Historiese Huise van Stilbaai toer is baie populêr; asook die Voëlkykers vir Beginners kursus. Die Kookkursus het byval by 'n groot aantal lede gevind.

Die TED Praatjies wat in Januarie begin het, is populêr met 'n verskeidenheid onderwerpe wat aangebied word. 'n Lys van die aanbiedings is op ons webtuiste.

'n Fotografie Groep word gestig, en ons sal gedurende die volgende maande Leunstoel Reise en Ekonomie Besprekings Groepe van stapel stuur.

Dankie aan al die kursusleiers vir die moeite en tyd wat julle insit om die kursusse 'n sukses te maak.

### **UITSTAPPIES**

Na die baie suksesvolle uitstappie na Favour Stoetery in Februarie 2016, het ons nog 'n paar uitstappies vir lede gereël.

Op 14 Maart 2017 het 'n groep van 18 lede 'n aantal genotvolle en interessante ure by Baleia Wynkelder net buite Riversdal deurgebring. Tydens 'n ligte middag-ete het die groep Baleia wyne geproe.

Na die praatjie in Februarie oor historiese bergpasse, is twee uitstappies na die drie historiese bergpasse in die Langeberge noord van Riversdal in Junie onderneem – hierdie uitstappie is baie populêr en word in Julie en ook weer in Augustus herhaal.

#### **DANKBETUIGINGS**

Ek moet ons opregte dank aan Jagersbosch oordra dat ons Die Waenhuis gratis kan gebruik – behalwe dat dit vir ons heelwat kostes spaar elke maand, dink ek dat dit ook ons lede aangemoedig om liberaal by te dra tot ons Jagersbosch Fonds. Ons hoop is dat hierdie wedersyds voordelige verhouding met Jagersbosch sal voortduur.

Dankie ook aan die Komitee vir hul ondersteuning en harde werk om die sukses van U3A Stilbaai te verseker. 'n Spesiale woord van waardering aan Stefan Pretorius wat terug Kaapstad toe is vir persoonlike redes – hy was die mag agter die stigting en aanvanklike sukses van U3A Stilbaai.

Ter afsluiting wil ek julle, ons lojale lede, bedank vir jul ondersteuning en entoesiasme. U3A Stilbaai behoort aan julle, sonder julle sou ons nie hier wees nie. Dankie almal.

**Niel van Wyk**

**Voorsitter: U3A Stilbaai**

30 Junie 2017